The erf shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals.

(3) Consolidation of Erven

The owner of the erf shall at its own expense have the erf consolidated with Erf 619, Denver Extension 1 Township.

(4) Removal of structures and sealing of shaft

The owner of the erf shall at its own expense remove the existing shaft tower and all other structures and shall seal the shaft permanently to the satisfaction of the Chief Inspector of Mines, Johannesburg.

(5) Registration of servitude

The owner of the erf shall at its own expense cause a servitude to be registered in favour of and to the satisfaction of Rand Mines Properties (Management Services) (Proprietary) Limited.

2. CONDITIONS OF TITLE

(1) Conditions imposed by the Administrator in terms of the Provisions of Ordinance 25 of 1965

The erf shall be subject to the following conditions:

(a) The erf is subject to a servitude, 2m wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary, if and when required by the local authority: Provided that the local authority may dispense with any such servitude.

(b) No building or other structure shall be erected within in the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 m thereof.

(c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

(2) Voorwaardes opgelê deur die Staatspresident ingevolge artikel 184(2) van wet 20 van 1967

Die erf is onderworpe aan die volgende voorwaardes:

(a) "Aangesien hierdie erf deel vorm van grond wat ondermyne is of ondermyne mag word en onderhewig mag wees aan versakking, vassakking, skok en krake as gevolg van mynbedrywighede in die verlede, die hede en die toekoms aanvaar die eienaar daarvan alle verantwoordelikheid vir enige skade aan die grond of geboue daarop as gevolg van sodanige versakking, vassakking, skok of krake".

(b) Geen hoofpilaar van enige gebou mag binne 'n afstand van 2m vanaf enige sy van die verseêlde skag opgerig word nie.

(2) *Conditions imposed by the State President in terms of section 184(2) of Act 20 of 1967*

The erf shall be subject to the following conditions:

(a) "As the erf forms part of land which is or may be undermined and liable to subsidence, settlement, shock and cracking due to mining operations past, present or future, the owner thereof accepts all liability for any damage thereto and to any structure thereon which may result from such subsidence, settlement, shock or cracking."

(b) No main pillar of any building shall be erected within a distance of 2 meters from the lateral face of the sealed shaft.

Administrateurskennisgewings

Administrateurskennisgiving 1399 29 September 1982

MUNISIPALITEIT POTCHEFSTROOM: VOORGESTELDE VERANDERING VAN GRENSE

Ingevolge artikel 10 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Potchefstroom 'n versoekskrif by die Administrateur ingedien het met die bede dat hy die bevoegdhede aan hom verleen by artikel 9(7) van genoemde Ordonnansie uitoefen en die grense van die Munisipaliteit van Potchefstroom verander deur die opneming daarin van Gedeelte 227 van die plaas Vyfhoek No 428 IQ groot 10,2556 hektaar soos aangedui op kaart LG No A4723/19.

Enige belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie hiervan in die *Provinsiale Koerant* aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Privaatsak X437, Pretoria 'n teenpetisie te rig waarin die Administrateur versoek word om nie aan genoemde versoekskrif, in geheel of ten dele, te voldoen nie.

Verdere besonderhede van die aansoek lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B306A, Provinciale Gebou, Pretoriussstraat, Pretoria, en in die kantoor van die Stadsklerk Potchefstroom ter insae.

PB 3-2-3-26 Vol 3

Administrateurskennisgiving 1400 29 September 1982

MUNISIPALITEIT ERMELO: VOORGESTELDE VERANDERING VAN GRENSE

Ingevolge artikel 10 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Ermelo 'n versoekskrif by die Administrateur ingedien het met die bede dat hy die bevoegdhede aan hom verleen by artikel 9(7) van genoemde Ordonnansie uitoefen en die grense van die Munisipaliteit van Ermelo verander deur die opneming daarin van die gebied wat in die Bylae hierby omskryf word.

Enige belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie hiervan in die *Provinsiale Koerant* aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Privaatsak X437, Pretoria 'n teenpetisie te rig waarin die Administrateur versoek word om nie aan genoemde versoekskrif, in geheel of ten dele, te voldoen nie.

Verdere besonderhede van die aansoek lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B306A, Provinciale Gebou, Pretoriussstraat, Pretoria, en in die kantoor van die Stadsklerk van Ermelo ter insae.

PB 3-2-3-4

BYLAE

Gedeelte 184 ('n gedeelte van Gedeelte 12) en Gedeelte 185 van die Restant van die plaas Nooitgedacht No 268 IT onderskeidelik 7,7010 hektaar en 26,4923 hektaar groot.

Administrateurskennisgiving 1401 29 September 1982

PADVERKEERSREGULASIES: WYSIGING

Ingevolge artikel 165 van die Ordonnansie op Padverkeer, 1966 (Ordonnansie 21 van 1966), wysig die Admini-

Administrator's Notices

Administrator's Notice 1399

29 September 1982

POTCHEFSTROOM MUNICIPALITY: PROPOSED ALTERATION OF BOUNDARIES

Notice is hereby given, in terms of section 10 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Potchefstroom, has submitted a petition to the Administrator praying that he may in the exercise of the powers conferred on him by section 9(7) of the said Ordinance, alter the boundaries of Potchefstroom Municipality by the inclusion therein of Portion 227 of the farm Vyfhoek No 428 IQ in extent 10,2556 hectares as indicated on diagram SG No A4723/19.

It shall be competent for any persons interested, within 30 days of the first publication hereof in the *Provincial Gazette*, to direct to the director of Local Government, Private Bag X437, Pretoria a counterpetition requesting the Administrator to refrain from granting the said petition, either wholly or in part.

Further particulars of the application are open for inspection at the office of the Director of Local Government, Room B306A, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria and at the office of the Town Clerk of Potchefstroom.

PB 3-2-3-26 Vol 3

Administrator's Notice 1400

29 September 1982

ERMELO MUNICIPALITY: PROPOSED ALTERATION OF BOUNDARIES

Notice is hereby given, in terms of section 10 of the Local Government Ordinance, 1939, that the City Council of Ermelo, has submitted a petition to the Administrator praying that he may in the exercise of the powers conferred on him by section 9(7) of the said Ordinance, alter the boundaries of Ermelo Municipality by the inclusion therein of the area described in the Schedule hereto.

It shall be competent for any persons interested, within 30 days of the first publication hereof in the *Provincial Gazette*, to direct to the Director of Local Government, Private Bag X437, Pretoria a counterpetition requesting the Administrator to refrain from granting the said petition, either wholly or in part.

Further particulars of the application are open for inspection at the office of the Director of Local Government, Room B306A, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria and at the office of the Town Clerk of Ermelo.

PB 3-2-3-4

SCHEDULE

Portion 184 (a portion of Portion 12) and Portion 185 of the Remaining Extent of the farm Nooitgedacht No 268 IT respectively 7,7010 hectare and 26,4923 hectare in extent.

Administrator's Notice 1401

29 September 1982

ROAD TRAFFIC REGULATIONS: AMENDMENT

In terms of section 165 of the Road Traffic Ordinance, 1966 (Ordinance 21 of 1966), the Administrator hereby

strateur hierby die Padverkeersregulasies, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1052 van 28 Desember 1966, soos in die Bylae hierby uiteengesit, met ingang van 1 Oktober 1982.

TW 2/2 TO 38

BYLAE

1. Regulasie 23 word hierby gewysig deur die woorde "op enige tyd van" deur die woorde "vanaf" te vervang.

2. Regulasie 89 word hierby gewysig deur die volgende subregulasie daarby te voeg, terwyl die bestaande regula-sie subregulasie (1) word:

"(2) By die toepassing van subregulasie (1)(a), word 'n omsetterdrastel, wanneer dit in kombinasie met 'n leunwa gebruik word, geag nie 'n sleepwa te wees nie."

3. Die derde Bylae word hierby gewysig—

(a) deur in Vorm 29A die uitdrukking "R2,00", waar dit ook al voorkom, deur die uitdrukking "R5,00" te ver-vang;

(b) deur in Vorm 32—

(i) die uitdrukking "Artikel 80(1)." deur die uitdruk-king "(Artikel 79(1).)" te vervang;

(ii) die uitdrukking "artikel 80" deur die uitdrukking "artikel 79" te vervang; en

(iii) die uitdrukking "Ondersoekgeld van R1 gaan hierby." te skrap;

(c) deur in Vorm 33—

(i) die uitdrukking "(Artikel 81(2).)" deur die uitdruk-king "(Artikel 80(2)(a).)" te vervang; en

(ii) die uitdrukking "Bedrag betaal: Ontvangs waarvan hierby erken word: R1." te skrap;

(d) deur in Vorm 34 paragraaf 7 deur die volgende para-graaf te vervang:

"7. Hierdie aansoek is vergezel van twee foto's van my-self. (Slegs nodig indien registrasieowerheid nie reeds in besit van foto is nie)."; en

(e) deur in Vorm 39 die uitdrukking "n Geld van 50c is betaalbaar vir elke duplikaat." te skrap.

Administrateurskennisgewing 1402 29 September 1982

MUNISIPALITEIT BALFOUR: WYSIGING VAN BEGRAAFPLAASVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Begraafplaasverordeninge van die Munisipaliteit Balfour, afgekondig by Administrateurskennisgewing 854 van 24 Oktober 1956, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur items 1 en 2 van die Tarieflys onder Bylae A deur die volgende te vervang:

*"1. Gelde vir Teraardebestelling**(1) Grawe en ovpul van 'n graf vir Blankes en Asiërs:*

	Inwoners	Ander
	R	R
(a) Volwassene	50,00	80,00
(b) Kind	30,00	60,00

amends the Road Traffic Regulations, promulgated by Administrator's Notice 1052 of 28 December 1966, as set out in the Schedule hereto, with effect from 1 October 1982.

TW 2/2 TO 38

SCHEDEULE

1. Regulation 23 is hereby amended by deletion of the words "at any time".

2. Regulation 89 is hereby amended by the addition thereto of the following subregulation, the existing regula-tion becoming subregulation (1):

"(2) for the purposes of subregulation (1)(a), a con-verter dolly shall, when used in combination with a semi-trailer be deemed to be a trailer."

3. The Third Schedule is hereby amended—

(a) by the substitution in Form 29A for the expression "R2,00", wherever it appears, of the expression "R5,00";

(b) in Form 32 by—

(i) the substitution for the expression "(Section 80(1).)" of the expression "(Section 79(1).)";

(ii) the substitution for the expression "section 80" of the expression "section 79"; and

(iii) the deletion of the expression "Examination fee of R1 herewith."

(c) in Form 33 by—

(i) the substitution for the expression "(Section 81(2).)" of the expression "(Section 80(2)(1)); and

(ii) the deletion of the expression "Amount paid: Receipt of which is hereby acknowledged: R1.;"

(d) by the substitution on Form 34 for paragraph 7 of the following paragraph:

"7. This application is accompanied by two photographs of myself. (Only required if registering authority not al-ready in possession of photograph)."; and

(e) by the deletion in Form 39 of the expression "A fee of 50c is payable for each duplicate."

Administrator's Notice 1402

29 September 1982

BALFOUR MUNICIPALITY: AMENDMENT TO CEMETERY BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Cemetery By-laws of the Balfour Municipality pub-lished under Administrator's Notice 854, dated 24 Octo-ber 1956, as amended, are hereby further amended by the substitution for items 1 and 2 of the Tariff under Sche-dule A of the following:

*"1. Burial Charges**(1) Opening and closing of graves for Whites and Asians:*

	Residents	Others
	R	R
(a) Adult	50,00	80,00
(b) Child.....	30,00	60,00

	Inwoners R	Ander R	Residents R	Others R
(2) Twee teraardebestellings in een graf:			(2) Two burials in one grave:	
(a) Volwassene	150,00	240,00	(a) Adult	150,00 . 240,00
(b) Kind	130,00	220,00	(b) Child.....	130,00 220,00
2. Besprekking van Grafpersele met inbegrip van die Grawe en Ovpul van Grafe:			2. Reservation of Grave Plots including the Opening and Closing of Graves:	
Volwassene of kind, per graf ...	100,00	160,00	Adult or child, per grave	100,00 160,00".
		PB 2-4-2-23-45		PB 2-4-2-23-45

Administrateurskennisgewing 1403 29 September 1982

MUNISIPALITEIT CARLETONVILLE: WYSIGING VAN VERORDENINGE VIR DIE BEHEER EN REGULEER VAN DIE ONTSPANNINGSOORD

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge vir die Beheer en Reguleer van die Ontspanningsoord van die Munisipaliteit Carletonville, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1887 van 20 Desember 1978, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur in artikel 1—

(a) die woordomskrywing van "gemagtigde beampte" deur die volgende te vervang:

"gemagtigde beampte" die Stadsingenieur of sodanige ander beampte wat deur die Raad onder toesig van die Stadsingenieur aangestel is om toesig te hou en beheer uit te oefen oor die ontspanningsoord, huurders, woonwaens en tente;";

(b) die woordomskrywing van "permit" deur die volgende te vervang:

"permit" 'n permit om 'n staanplek vir 'n woonwa of tent te huur. So 'n permit moet die tydperk van geldigheid aantoon, die getal persone wat op die permit geregtig is om toegelaat te word en wat onder geen omstandighede meer as 8 mag wees nie, die registrasienommer van die motor of woonwa van die huurder en woorde met die strekking dat die permit geen reg daarstel nie maar slegs 'n voorreg;";

(c) die woordomskrywing van "sytent" deur die volgende te vervang:

"sytent" 'n tent of skuiling van seildoek of soortgelyke materiaal wat aan 'n woonwa of sleepvoertuig geheg kan word en nie afsonderlik gebruik kan word nie;" en

(d) die woordomskrywing van "vuurmaakplek" deur die volgende te vervang:

"vuurmaakplek" 'n rooster of struktuur of afgemerkte plek vir die doel om 'n oop vuur aan te lê op so 'n wyse en in so 'n posisie dat dit nie 'n brandgevaar veroorsaak nie;".

2. Deur in artikel 3—

(a) paragraaf (d) deur die volgende te vervang:

"(d) binne die grense van die oord met 'n groter snelheid as 25 km/h ry nie en dan alleen op die uitgelegde of erkende paaie en rylane. Geen motorkar, rywielf of ander voertuig mag op die damwal parkeer word nie;"

Administrator's Notice 1403 29 September 1982

CARLETONVILLE MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BY-LAWS FOR THE CONTROL AND REGULATION OF THE RECREATION RESORT

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The By-laws for the Control and regulation of the Recreation Resort of the Carletonville Municipality, published under Administrator's Notice 1887, dated 20 December 1978, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the substitution in section 1—

(a) for the definition of "authorized officer" of the following:

"authorized officer" means the Town Engineer or such other officer appointed by the Council under the supervision of the Town Engineer to supervise and control the recreation resort, tenants, caravans and tents;"

(b) for the definition of "permit" of the following:

"permit" means a permit to hire a stand for a caravan or tent. Such a permit shall indicate the period of its validity, the number of persons entitled to be admitted on the permit which shall under no circumstances be more than 8, the registration number of the car or caravan of the tenant, and words to the effect that the permit does not constitute a right, but a privilege only;"

(c) for the definition of "side-tent" of the following:

"side-tent" means a tent or shelter of canvas or similar material which may be attached to a caravan or trailer and which cannot be used separately;" and

(d) for the definition of "fire-place" of the following:

"fire-place" means a grill or structure or demarcated place for the purpose of making an open fire in such a way and in such a position that it shall not constitute a fire hazard;".

2. By the substitution in section 3—

(a) for paragraph (d) of the following:

"(d) drive at a speed exceeding 25 km/h within the boundaries of the resort and then only on the laid out or recognised roads or driveways. No motor car, cycle or other vehicle shall be parked on the dam wall;"

(b) paragraaf (l) deur die volgende te vervang:

"(l) kragopwekkers of elektriese toerusting of luidsprekers in die oord gebruik nie, uitgesonderd met die nodige toestemming van en op die voorwaardes soos deur die raad of 'n gemagtigde beampete bepaal;"; en

(c) paragraaf (o) deur die volgende te vervang:

"(o) enige vullis of rommel op die terrein stort, plaas of laat nie, behalwe in 'n vullisbak wat deur die Raad voorsien is;".

3. Deur in artikel 10—

(a) subartikel (5) deur die volgende te vervang:

"(5) die was van skottelgoed en wasgoed moet onderskeidelik gedoen word by die opwaskamer en wasgoedkamer wat op die terrein daarvoor verskaf word en sodanige aktiwiteite word nie by staanpype of enige ander plek toegelaat nie. Die onopsigtelike was en ophang van ligte onderklere in 'n karavaan is egter toelaatbaar."; en

(b) subartikel (9) deur die volgende te vervang:

"(9) Woonwaens, sytente en tente moet te alle tye netjies wees. Geen onooglike of vervalle woonwaens, sytente of tente word op die terrein toegelaat nie. Geen ander voertuig behalwe 'n karavaan en sleepvoertuig word in die karavaanpark toegelaat en geen persoon mag sy karavaan of sleepvoertuig op 'n ander plek parkeer as die afgebakende staanplek waarvoor hy 'n geldige permit het nie."

4. Deur artikel 11 deur die volgende te vervang:

Diere

11. Niemand mag 'n dier, hond, kat, pluimvee of voël binne die oord bring nie, behalwe met die toestemming van 'n gemagtigde beampete en teen betaling van die toepaslike gelde soos in die Bylae hierby voorgeskryf. Geen dier mag toegelaat word om in die oord los te loop nie en alle diere moet te alle tye in die karavaan of aan leerrieme of in koue gehou word. Enige gemagtigde beampete kan te eniger tyd gelas dat 'n dier wat 'n oorlaas veroorsaak summier verwijder word.".

5. Deur na artikel 25 die volgende in te voeg:

"Opening- en Sluitingstye

26. Die oord is gedurende die volgende ure vir die publiek toeganklik: Met dien verstande dat persone wat saans na sluitingstye nog steeds binne in die oord is nie verplig sal word om die oord op sluitingstye te verlaat nie:

1 Oktober tot 31 Maart 07h30 to 20h00

1 April tot 30 September 08h00 tot 17h30."

6. Deur die Bylae te wysig deur—

(a) subitem (1) van item 1 deur die volgende te vervang:

"(1) Per nag:

(a) Ten opsigte van twee volwassenes en twee kinders:

(i) Waar kragpunte beskikbaar is: R4.

(ii) Waar kragpunte nie beskikbaar is nie: R3.

(b) Per bykomende volwassene: R1.

(c) Per bykomende kind: 50c.

(d) Per hond of kat: 50c";

(b) in item 2(1)(a) die syfer "R1" deur die syfer "R2" te vervang;

(b) for paragraph (1) of the following:

"(l) use power generators or electrical equipment or loud speakers in the resort without the necessary permission of and under such conditions as stipulated by the Council or an authorized officer;"; and

(c) for paragraph (o) of the following:

"(o) dump, place or leave any refuse or rubbish in any place on the terrain, except in a refuse bin provided by the Council;".

3. By the substitution in section 10—

(a) for subsection (5) of the following:

"(5) The washing of crockery and laundry shall be done respectively at the scullery or laundryroom provided on the terrain for the purpose and such activities shall not be allowed at any stand pipe or any other place. Unobtrusive washing and hanging of light underwear in a caravan, shall however be permitted."; and

(b) for subsection (9) of the following:

"(9) Caravans, side-tents and tents shall at all times be neat. No unsightly or dilapidated caravans, side-tents or tents shall be admitted to the terrain. No other vehicle except a caravan and towing vehicle shall be permitted in the caravan park and no person shall be allowed to park his caravan or trailer in any place other than the demarcated place, for which he has a valid permit.".

4. By the substitution for section 11 of the following:

"Animals

11. No person shall bring in to the resort any animal, dog, cat, poultry or bird, except with the permission of an authorized officer, and upon payment of the appropriate charges as prescribed in the Schedule hereto. No animal shall be allowed to be at large in the resort and animals shall at all times be kept either in the caravan or on a leash or in a cage. Any authorized officer may at any time order that an animal causing a nuisance, be removed immediately.".

5. By the insertion after section 25 of the following:

"Opening and Closing Times

26. The resort shall be accessible to the public during the following hours: Provided that persons that are still in the resort in the evening after closing time shall not be compelled to leave the resort at closing time:

1 October to 31 March 07h30 to 20h00

1 April to 30 September 08h00 to 17h30."

6. By amending the Schedule by—

(a) the substitution for subitem (1) of item 1 of the following:

"(1) Per night:

(a) In respect of two adults and two children:

(i) Where power supply points are available: R4.

(ii) Where power supply points are not available: R3.

(b) Per additional adult: R1.

(c) Per additional child: 50c.

(d) Per dog or cat: 50c";

(b) the substitution in item 2(1)(a) for the figure "R1" of the figure "R2";

(c) in item 2(1)(b) die syfer "20c" deur die syfer "50c" te vervang;

(d) in item 4(1) die syfer "R2" deur die syfer "R3" te vervang; en

(e) na item 5 die volgende by te voeg:

"6. Afdak

Gebruik van die afdak, per gelegenheid: R10.

7. Verkoopbelasting

Die tariewe sluit verkoopbelasting in, waar van toepassing.”.

PB 2-4-2-152-146

Administrateurskennisgewing 1404 29 September 1982

MUNISIPALITEIT CHRISTIANA: WYSIGING VAN VERORDENINGE OP RIOLERINGSTELSELS EN SUIGTENKVERWYDERINGS

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 199 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge op Rioleringsstelsels en Suigtenkverwyderings van die Munisipaliteit Christiana, afgekondig by Administrateurskennisgewing 942 van 7 Desember 1960, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die tarief van Gelde vir Verwyderings onder "Aanhangel A" soos volg te wysig:

1. Deur in item 1 —

(a) in subitem (1) die syfers "4,00" en "5,00" onderskeidelik deur die syfers "5,00" en "6,25" te vervang;

(b) in subitem (2) die syfers "0,60" en "0,70" onderskeidelik deur die syfers "0,75" en "0,90" te vervang; en

(c) in subitem (3) die syfers "4,00" en "5,00" onderskeidelik deur die syfers "5,00" en "6,25" te vervang.

2. Deur in item 2 —

(a) in subitem (1) die syfers "80,00" en "90,00" onderskeidelik deur die syfers "100,00" en "113,00" te vervang;

(b) in subitem (2) die syfers "0,60" en "0,70" onderskeidelik deur die syfers "0,75" en "0,90" te vervang; en

(c) in subitem (3) die syfers "80,00" en "90,00" onderskeidelik deur die syfers "100,00" en "113,00" te vervang.

PB 2-4-2-153-12

Administrateurskennisgewing 1405 29 September 1982

MUNISIPALITEIT JOHANNESBURG: WYSIGING VAN DIE VERORDENINGE EN REGULASIES BETREFFENDE LISENSIES EN BEHEER OOR BESIGHEDENE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit wat deur hom ingevolge artikel 99 van die genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Hoofstuk 13 van die Verordeninge en Regulasies betreffende Licensies en Beheer oor Besighede van die Munisipaliteit Johannesburg, bekend as die Verordeninge insake Vlambare Vloeistowwe en Stowwe, afgekondig by Administrateurskennisgewing 394 van 27 Mei 1953, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

(c) the substitution in item 2(1)(b) for the figure "20c" of the figure "50c";

(b) the substitution in item 4(1) for the figure "R2" of the figure "R3";

(b) the addition after item 5 of the following:

"6. Shelter

Use of the shelter, per occasion: R10.

7. Sales tax

The tariffs include sales tax, where applicable.”.

PB 2-4-2-152-146

Administrator's Notice 1404

29 September 1982

CHRISTIANA MUNICIPALITY: AMENDMENT TO SEWERAGE SYSTEM AND VACUUM TANK REMOVALS BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Sewerage Systems and Vacuum Tank Removals By-laws of the Christiana Municipality, published under Administrator's Notice 942, dated 7 December 1960, as amended, are hereby further amended by amending the Tariff of Charges for Removals under "Annexure A" as follows:

1. By the substitution in item 1 —

(a) in subitem (1) for the figures "4,00" and "5,00" of the figures "5,00" and "6,25" respectively;

(b) in subitem (2) for the figures "0,60" and "0,70" of the figures "0,75" and "0,90" respectively; and

(c) in subitem (3) for the figures "4,00" and "5,00" of the figures "100,00" and "113,00" respectively;

2. By the substitution in item 2 —

(a) in subitem (1) for the figures "80,00" and "90,00" of the figures "100,00" and "113,00" respectively;

(b) in subitem (2) for the figures "0,60" and "0,70" of the figures "0,75" and "0,90" respectively; and

(c) in subitem (3) for the figures "80,00" and "90,00" of the figures "100,00" and "113,00" respectively.

PB 2-4-2-153-12

Administrator's Notice 1405

29 September 1982

JOHANNESBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO THE BY-LAWS AND REGULATIONS RELATING TO LICENCES AND BUSINESS CONTROL

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

Chapter 13 of the By-laws and Regulations Relating to Licences and Business Control of the Johannesburg Municipality, known as the Flammable Liquids and Substances By-laws, published under Administrator's Notice 394, dated 27 May 1953, as amended, are hereby further amended as follows:

1. Deur in artikel 306(6) die syfer "R2" deur die syfer "R5" te vervang.

2. Deur paragraaf (a) van artikel 373(1) deur die volgende te vervang:

"(a) na 'n plek wat die Raad aanwys, gebring is om ondersoek te word en die ondersoek geld van R5 betaal is;".

3. Deur Bylae 24 te skrap.

PB 2-4-2-97-2

Administrateurskennisgewing 1406 29 September 1982

MUNISIPALITEIT JOHANNESBURG: WYSIGING VAN DIE PUBLIEKE GESONDHEIDSVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van die genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Publieke Gesondheidsverordeninge van die Municipaliteit Johannesburg, afgekondig by Administrateurskennisgewing 11 van 12 Januarie 1949, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur na artikel 86 die volgende in te voeg:

"Beperkings om die Verspreiding van Siektes wat aan die Mens Oordraagbaar is, te Verhoed"

87.(1) Wanneer dit volgens die mening van die Stadsgeneesheer in belang van die publieke gesondheid nodig is om die verspreiding van enige siekte wat aan die mens oordraagbaar is, te verhoed, kan hy by 'n kennisgewing in 'n dagblad soos bedoel in artikel 110 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet 32 van 1961), so 'n siekte spesifiseer en 'n verbod daarop plaas dat honde, katte of enige ander diere wat in so 'n kennisgewing genoem word, in die straat mag rondloop of in 'n publieke plek binne die municipaliteit soos omskryf in artikel 1 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, (Ordonnansie 17 van 1939) mag wees gedurende 'n tydperk aldus gespesifiseer: Met dien verstande dat sodanige kennisgewing nie van toepassing is op enige gids hond wat 'n blinde persoon lei, of op enige hond, kat of ander dier wat aan 'n leiband is, of op die een of ander manier fisies aan bande gelê word terwyl dit na 'n veearts geneem word, of op enige hond, kat of ander dier terwyl dit in die toe gedeelte van enige voertuig is nie.

(2)(a) Die eienaar van enige hond, kat of ander dier wat genoem word in 'n kennisgewing ingevolge subartikel (1), of die persoon onder wie se toesig of beheer sodanige hond, kat of dier is, moet gedurende die gespesifiseerde tydperk alle billike stappe doen om te verhoed dat so 'n hond, kat of ander dier strydig met sodanige kennisgewing in 'n straat of publieke plek kom.

(b) In enige vervolg vir die oortreding van paragraaf (a) sal daar, totdat die teendeel bewys word, vermoed word dat die billike stappe wat in daardie paragraaf beoog word, nie gedoen is nie.

(3)(a) Enige hond, kat of ander dier wat strydig met 'n kennisgewing wat ingevolge subartikel (1) gepubliseer is, in enige straat of publieke plek aangetref word, kan deur 'n inspekteur gevang en na 'n bewaarplek geneem en daar aangehou word vir solank as wat die Stadsgeneesheer dit in belang van die publieke gesondheid nodig ag:

(b) Waar 'n hond, kat of ander dier wat ingevolge paragraaf (a) gevang is, nie binne 'n tydperk van 14 dae nadat hy gevang is, of binne die aanhoudingstydperk wat in daardie paragraaf beoog word, welke tydperk ook al

1. By the substitution in section 306(6) for the figure "R2" of the figure "R5".

2. By the substitution for paragraaf (a) of section 373(1) of the following:

"(a) has been exhibited for examination at such place as the Council may direct and an examination fee of R5 has been paid;".

3. By the deletion of Schedule 24.

PB 2-4-2-97-2

Administrator's Notice 1406

29 September 1982

JOHANNESBURG MUNICIPALITY: AMENDMENTS TO PUBLIC HEALTH BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Public Health By-laws of the Johannesburg Municipality promulgated under Administrator's Notice 11 dated 12 January 1949, as amended, are hereby further amended by the insertion after section 86 of the following:

"Restrictions to Prevent the Spread of Diseases Communicable to Man"

87.(1) Whenever in the opinion of the Medical Officer of Health it is necessary in the interests of public health in order to prevent the spread of any disease communicable to man, he may by notice in a newspaper as contemplated in section 110 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act 32 of 1961), specify such disease and prohibit dogs, cats or any other animals specified in such notice from being in any street or public place, as defined in section 1 of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), within the municipality during a period so specified: Provided that such notice shall not apply in respect of any guide dog assisting a blind person or in respect of any dog, cat or other animal kept on a leash or under some other form of physical restraint whilst it is being taken to a veterinarian or in respect of any dog, cat or other animal whilst in an enclosed portion of any vehicle.

(2)(a) The owner of any dog, cat or other animal specified in a notice in terms of subsection (1), or the person in whose custody or control such dog, cat or animal is, shall during the period so specified take all reasonable steps to prevent such dog, cat or other animal from being in a street or public place in contravention of such notice.

(b) In any prosecution for a contravention of paragraph (a) it shall, until the contrary shall have been proved, be presumed that reasonable steps as contemplated in that paragraph were not taken.

(3)(a) Any dog, cat or other animal which is found in any street or public place in contravention of a notice published in terms of subsection (1) may be seized by an inspector, taken to a place of detention and detained for as long as the Medical Officer of Health deems it to be necessary in the interests of public health.

(b) Where a dog, cat or other animal seized in terms of paragraph (a) is not claimed within a period of 14 days after such seizure or within the period of detention contemplated in that paragraph, whichever period is the

langer is, opgeëis word nie, kan so 'n dier mee weggedoen word op enige manier wat die Stadsgeneesheer as geskik beskou, insluitende die vernietiging daarvan indien daar nie op 'n ander manier daarmee weggedoen kan word nie, en as daar inkomste uit so 'n wegdoening verkry word, sal dit teen die koste vir die aanhouding van so 'n hond, kat of ander dier in rekening gebring word, en enige saldo sal op versoek van die betrokke eienaar van die hond, kat of ander dier aan hom uitbetaal word.

(c) Behoudens die bepalings van paragraaf (b) bepaal, is die eienaar van 'n hond, kat of ander dier wat ingevolge hierdie artikel mee gehandel is, nie op enige vergoeding geregty nie.

(4) Waar 'n veearts gedurende die tydperk in 'n kennisgewing gepubliseer ooreenkomsdig subartikel (1), sertificeer dat 'n hond, kat of ander dier aan 'n siekte ly wat in sodanige kennisgewing gespesifieer word en ongeneesbaar is, kan 'n inspekteur so 'n hond, kat of ander dier vernietig, en die eienaar daarvan is nie op vergoeding geregty nie.

Inenting van Honde en Katte teen Hondsadolheid

88.(1)(a) Wanneer dit volgens die mening van die Stads-geneesheer nodig is om die verspreiding van hondsadolheid te voorkom, kan hy by 'n kennisgewing in 'n dagblad soos bedoel in artikel 110 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet 32 van 1961), vereis dat alle honde en katte binne die munisipaliteit met hondsadolheidstof ingeëent word.

(b) Na publisering van sodanige kennisgewing moet elke eienaar of persoon onder wie se toesig of beheer so 'n hond of kat is, binne 'n tydperk van 30 dae na sodanige kennisgewing so 'n hond of kat met hondsadolheidstof laat inent.

(2) Wanneer hy ook al deur 'n inspekteur aldus versoek word, moet die eienaar of persoon wat in subartikel (1)(b) genoem word, binne 24 uur 'n inentingserfikaat van 'n veearts vir inenting teen hondsadolheid aan sodanige inspekteur of by die kantoor van die Stadsgeneesheer voorlê".

PB 2-4-2-77-2

Administrateurskennisgewing 1407 29 September 1982

MUNISIPALITEIT KEMPTONPARK: WYSIGING VAN STRAAT- EN DIVERSE VERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby, ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Straat- en Diverse Verordeninge van die Stadsraad van Kemptonpark, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 781 van 15 Mei 1974, word hierby soos volg gewysig:

1. Deur in artikel 30 die woordomskrywing van "Wet" deur die volgende te vervang: "Wet" die Nasionale Wel-synswet, 1978 (Wet 100 van 1978), of enige wysiging of vervanging daarvan";

2. Deur paragraaf (c) van artikel 32(4) deur die volgende te vervang:

"(e) die magtiging of bewys daarvan, wat ingevolge die bepalings van die Wet op Fondsinsameling, 1978 (Wet 107 van 1978), of enige wysiging of vervanging daarvan aan die organisasie uitgereik is."

PB 2-4-2-80-16

longer, such animal may be disposed of in any manner which the Medical Officer of Health deems fit, including the destruction thereof if it cannot be disposed of otherwise, and if proceeds are derived from such disposal it shall be offset against the cost of detaining such dog, cat or other animal and any balance shall on application by the owner of the dog, cat or animal concerned be paid to him.

(c) Subject to the provisions of paragraph (b) the owner of a dog, cat or other animal dealt with in terms of this section shall not be entitled to any compensation.

(4) If a veterinarian during the period specified in a notice published in terms of subsection (1) certifies that a dog, cat or other animal so specified has a disease specified in such notice and is incurable, an inspector may destroy such dog, cat or other animal and the owner thereof shall not be entitled to any compensation.

Vaccination of Dogs and Cats against Rabies

88.(1)(a) Whenever, in the opinion of the Medical Officer of Health, it is necessary in order to prevent the spread of rabies, he may by notice in a newspaper, as contemplated in section 110 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act 32 of 1961), require all dogs and cats in the municipality to be inoculated with rabies vaccine.

(b) After publication of such a notice every owner or person having custody or control of a dog or cat shall within a period of 30 days after such notice have such dog or cat inoculated with rabies vaccine.

(2) Whenever requested to do so by an inspector the owner or person mentioned in subsection (1)(b) shall within 24 hours produce a veterinary certificate of inoculation against rabies to such inspector or at the offices of the Medical Officer of Health."

PB 2-4-2-77-2

Administrator's Notice 1407

29 September 1982

KEMPTON PARK MUNICIPALITY: AMENDMENT TO STREET AND MISCELLANEOUS BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Street and Miscellaneous By-laws of the Kempton Park Town Council, adopted by the Council under Administrator's Notice 781 dated 15 May 1974 are hereby amended as follows:

1. By the substitution in section 30 for the definition of "Act" of the following: "Act" the National Welfare Act, 1978 (Act 100 of 1978), or any amendment or substitution thereof";

2. By the substitution for paragraph (e) of section 32(4) of the following:

"(e) the authorisation or proof thereof, issued to the organisation in terms of the provisions of the Fund Raising Act, 1978 (Act 107 of 1978), or any amendment or substitution thereof."

PB 2-4-2-80-16

Administrateurskennisgewing 1408 29 September 1982

MUNISIPALITEIT KOMATIPOORT: AANNAME VAN STANDAARDVERORDENINGE BETREFFENDE HONDE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939—

(a) dat die Dorpsraad van Komatiportoort die Standaardverordeninge Betreffende Honde afgekondig by Administrateurskennisgewing 1387 van 14 Oktober 1981, ingevolge artikel 96bis(2) van genoemde Ordonnansie sonder wysiging aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is; en

(b) dat die Tarief van Gelde hierby as 'n Bylae by genoemde verordeninge, welke Tarief van Gelde deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

BYLAE

TARIEF VAN GELDE

1. Per kalenderjaar of gedeelte daarvan per erf, standplaas, landbouhoeve of plaas:

(1) *Reuns en Gesteriliseerde Tewe:*

(a) Vir die eerste reun of gesteriliseerde teef: R5

(b) Vir elke bykomende reun of gesteriliseerde teef: R10

(2) *Ongesteriliseerde Tewe:*

(a) Vir die eerste ongesteriliseerde teef: R10

(b) Vir elke bykomende ongesteriliseerde teef: R20

2. Vir 'n gesteriliseerde teef moet 'n sertifikaat van 'n veearts ten effekte dat sodanige teef gesteriliseer is, voorleë word.

3. Duplikaat kwitansies per kwitansie: R2

4. Oordrag van belastingkwitansie per oordrag: R2

5. Hondeskut.

(a) Skutgelde per hond: R5

(b) Onderhoud per hond per dag: R2

Die Verordeninge Betreffende Honde, afgekondig by Administrateurskennisgewing 282 van 31 Maart 1954, soos gewysig, en van toepassing gemaak op die Municipaliteit Komatiportoort ingevolge artikel 159bis(1)(c) van Ordonnansie 17 van 1939, word hierby herroep.

Die bepalings vervat in hierdie kennisgewing tree in werking op 1 Oktober 1982.

PB 2-4-2-33-165

Administrateurskennisgewing 1409 29 September 1982

MUNISIPALITEIT KOMATIPOORT: AANNAME VAN STANDAARD REGLEMENT VAN ORDE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 17 van 1939, dat die Dorpsraad van Komatiportoort die Standaard Reglement van Orde afgekondig by Administrateurskennisgewing 1049 van 16 Oktober 1968, soos gewysig, ingevolge artikel 96bis(2) van genoemde Ordonnansie aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is.

PB 2-4-2-86-165

Administrator's Notice 1408

29 September 1982

MUNICIPALITY OF KOMATIPOORT: ADOPTION OF STANDARD BY-LAWS RELATING TO DOGS

1. The Administrator hereby in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939 publishes—

(a) that the Village Council of Komatiportoort has in terms of section 96bis(2) of the said Ordinance adopted without amendment the Standard By-laws Relating to Dogs, published under Administrator's Notice 1387 dated 14 October 1981, as by-laws made by the Council; and

(b) the Tariff of Charges hereto as a Schedule to the said by-laws, which Tariff of Charges has been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

SCHEDULE

TARIFF OF CHARGES

1. Dogs per calender year or part thereof per erf, stand, agricultural holding or farm:

(1) *Male Dogs and Spayed Bitches:*

(a) For the first male dog or spayed bitch: R5

(b) For each additional male dog or spayed bitch: R10

(2) *Unspayed Bitches*

(a) For the first unspayed bitch: R10

(b) For each additional unspayed bitch: R20

2. In respect of a spayed bitch a certificate issued by a veterinary surgeon to the effect that such bitch has been spayed, shall be submitted.

3. Duplicate tax receipt per receipt: R2

4. Transfer of a tax receipt per receipt: R2

5. Dog Pound:

(a) Pound fee per dog: R5

(b) Keeping of dog per day: R2

The By-laws Relating to Dogs published under Administrator's Notice 282 of 31 March 1954, as amended, are made applicable on the Village Council of Komatiportoort in terms of section 159 bis(1)(c) of Ordinance 17 of 1939, are hereby repealed.

The provisions in this notice contained shall come into operation on 1 October 1982.

PB 2-4-2-33-165

Administrator's Notice 1409

29 September 1982

KOMATIPOORT MUNICIPALITY: ADOPTION OF STANDARD STANDING ORDERS

The Administrator hereby, in terms of section 101, of the Local Government Ordinance, 17 of 1939 publishes that the Village Council of Komatiportoort has in terms of section 96bis(2) of the said Ordinance adopted the Standing Orders published under Administrator's Notice 1049 dated 18 October 1968, as amended, as by-laws made by the said Council.

PB 2-4-2-86-165

Administrateurskennisgewing 1410 29 September 1982

KENNISGEWING VAN VERBETERING

MUNISIPALITEIT KRUGERSDORP: PENSIOENFONDSVERORDENINGE

Administrateurskennisgewing 1425 van 21 Oktober 1982 word hierby verbeter deur in paragraaf 6(3)(b) die formule deur die volgende te vervang:

$$“F = A [1 + (B - 0,05) \times \frac{T}{12}]”.$$

PB 2-4-2-71-18

Administrateurskennisgewing 1411 29 September 1982

MUNISIPALITEIT MIDDELBURG: WYSIGING VAN PARKEERTERREINVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Parkeerterrein verordeninge van die Munisipaliteit Middelburg, afgekondig by Administrateurskennisgewing 91 van 31 Januarie 1979, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur item 1 onder die Bylae deur die volgende te vervang:

“1. Daagliks parkering:

Tarief	Tydsduur
5c	15 minute.
10c	30 minute.”.

PB 2-4-2-125-21

Administrateurskennisgewing 1412 29 September 1982

MUNISIPALITEIT MIDRAND: WYSIGING VAN BOUVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Bouverordeninge, deur die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede aangeneem by Administrateurskennisgewing 1364 van 14 September 1977 en wat ingevolge artikel 159bis(1)(c) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge van die Stadsraad van Midrand geword het, word hierby gewysig deur Bylae 2 deur die volgende te vervang:

“BYLAE 2

GELDE BETAALBAAR INGEVOLGE HIERDIE VERORDENINGE

AANHANGSEL I — GELD VIR TOETS VAN BRANDSLANG

Vir toets van brandslang deur die Raad ingevolge artikel 146: Per brandslanglengte: R1.

Deur die eienaar van die gebou betaalbaar onmiddellik na toetsing.

Administrator's Notice 1410

29 September 1982

CORRECTION NOTICE

KRUGERSDORP MUNICIPALITY: PENSION FUND BY-LAWS

Administrator's Notice 1425 dated 21 October 1982 is hereby corrected by the substitution in paragraph 6(3)(b) for the formula of the following:

$$“F = A [1 + (B - 0,05) \times \frac{T}{12}]”.$$

PB 2-4-2-71-18

Administrator's Notice 1411

29 September 1982

MIDDELBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO PARKING GROUNDS BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101, of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Parking Grounds By-laws of the Middelburg Municipality, published under Administrator's Notice 91 dated 31 January 1979, as amended, are hereby further amended by the substitution for item 1 under the Schedule of the following:

“1 Daily Parking:

Tariff	Duration
5c	15 minutes.
10c	30 minutes.”.

PB 2-4-2-125-21

Administrator's Notice 1412

29 September 1982

MIDRAND MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BUILDING BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Building By-laws, adopted by the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas under Administrator's Notice 1364 dated 14 September 1977, and which became the by-laws of the Town Council of Midrand in terms of section 159bis(1)(c) of the Local Government Ordinance, 1939, are hereby amended by the substitution for Schedule 2 of the following:

“SCHEDULE 2

CHARGES PAYABLE IN TERMS OF THESE BY-LAWS

APPENDIX I — CHARGE FOR THE TESTING OF FIRE-HOSE

For testing fire-hose by the Council in terms of section 146: Per fire-hose length: R1.

Payable by the owner of the building immediately after testing.

AANHANGSEL II — GELDE VIR STRAAT-UITSTEKKЕ

Die bedrag betaalbaar ten opsigte van elke straatuitstek, ingevolge artikel 206 word jaarliks vooruit aan die begin van elke kalenderjaar aan die Raad betaal deur die eienaar van die gebou of uitstek, al na die geval, en word soos volg bereken:

- (a) Verandapale op straathoogte, elk: R5.
- (b) Grondvloerverandas, per m^2 of gedeelte daarvan: R5.
- (c) Eerste verdieping balkonne, per m^2 of gedeelte daarvan: R5.
- (d) Tweede verdieping en elke hoër verdieping, per m^2 of gedeelte daarvan: R5.
- (e) Uitbouvensters, per m^2 of gedeelte daarvan van die plattegrond: R5.
- (f) Sypadligte, per m^2 of gedeelte daarvan: R5.
- (g) Uitsalkaste, per m^2 of gedeelte daarvan van die plattegrond: R5.
- (h) Alle ander uitstekke onder, by of bo sypadhoogte insluitend fondamentgrondmure, per m^2 of gedeelte daarvan van die plattegrond: R5.

AANHANGSEL III — GELDE VIR AANPLANTING VAN GRAS OPLOOPPAAIE OF SYPAADJIES

Die heffing ingevolge artikel 218 betaalbaar vir die gekmaak en aanplant van gras op enige gedeelte van die looppad of spaadjie word vooruit aan die Raad betaal, en word soos volg bereken:

- (a) Vir die eerste $40 m^2$ of gedeelte daarvan: R6.
- (b) Vir elke m^2 of gedeelte daarvan meer as $40 m^2$: 20c.

AANHANGSEL IV — GELDE VIR PLAKKATE EN ADVERTENSIES

Deposito's vir plakkate of ander advertensies betaalbaar ingevolge artikel 240(6) is soos volg:

- (a) Vir elke plakkaat of ander advertensie wat op enige byeenkoms uitgesond 'n verkiesing betrekking het: R1.
- (b) Vir elke plakkaat of ander advertensie wat op elke afsonderlike kandidaat in 'n verkiesing betrekking het (onderworpe aan 'n maksimum deposito van R40): R1.
- (c) Vir elke banier —
 - (i) as dit betrekking het op 'n munisipale verkiesing: R10.
 - (ii) as dit betrekking het op 'n provinsiale of parlementsverkiesing: R20.

AANHANGSEL V — GELDE VIR OPENBARE GEBOUSETIFIKATE

